Oordenking
16 Junie 2010

Deur die Gees noem ons God ons Vader.

Sê nou maar jy is in ’n disfunksionele gesin gebore. ’n Familie sonder hoop of ’n toekoms, wat nie vir jou omgee nie. En sê nou maar ’n baie goeie man, wat ook baie welgesteld is, bied aan om jou in sy huis in te neem en jou deel te maak van sy gesin. Hy bied jou alles aan wat jy ontsettend nodig het, maar nie tot nou in gedeel het nie. Al wat jy moet doen, is om te aanvaar dat sy aanbod opreg is en daartoe instem. Dit klink soos ’n sprokie, maar dit is presies wat gebeur as ons God se beloftes van redding vertrou en in Jesus Christus in geloof aanvaar.

Soos Paulus verder skryf aan Rom 8, raak sy gedagtes steeds dieper as hy die wonder en die vreugde van ons vryheid in Christus beskryf. Dis die vryheid wat die Heilige Gees wat in ons woon aan ons gee. Paulus verseker ons hier dat elke geredde mens deel van God se familie word en dieselfde voorregte geniet as God se eie Seun, ons Here Jesus Christus.

Ons lees die volgende trooswoorde in Romeine 8: 14 – 15*: Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader.*

Volgens Paulus het ons nou God se kinders geword. Ons weet dit is so, want ons word deur die Heilige Gees gelei. Ons het ’n nuwe familie gekry. God is ons Vader. Jesus is ons vriend, koning en Heer. Die Heilige Gees voorsien in ons diepste wese ’n ervaring van kindskap van God.

Paulus leer ons dat ons deel van God se familie is, as die Gees ons lei. As iemand in geloof God se aanbod om sy kind te wees aanvaar, dan help die Gees ons om soos kinders van God te lewe. ’n Gelowige ontwikkel die eienskappe wat pas by die familie van die Here. Dit gebeur omdat die Gees ons gedurig bewus maak daarvan as ons elke dag naby die Here lewe.

Ons het ’n nuwe Vader. **Ons** is nie meer slawe van sonde wat in vrees vir straf leef nie, maar ons noem God nou op ’n persoonlike, intieme manier “Vader”, of selfs die informele “Abba”, wat ons kan vertaal as “Pappa”.

Toe ons na Jesus toe gekom het, het ons opgehou om deel te wees van Adam se vervloekte, verlore familie en is ons aangeneem in die familie van Jesus en ons is vry om ’n liefdevolle, hemelse Vader te dien.
Dank God. Ons het ’n nuwe familie en ’n nuwe Vader

Dit beteken dat ons ook ’n nuwe vryheid het. Ons doen nie meer dwangarbeid vir die duiwel onder die tirannie van ons eie swakheid nie. Die Gees het ons manier van dink so verander dat ons God nou boweal wil liefhê en dien. As gevolg van hierdie verhouding met God, noem ons Hom Vader. Abba.

Die boodskap van hierdie verse gaan oor ons intieme afhanklikheid van God, sonder enige vrees. Ja, daar moet altyd groot respek en ootmoed teenoor God wees, want Hy is die almagtige, heilige God. As ons dit onthou, word die wonder daarvan om sy kind te wees net soveel groter en heerliker.